

Kunsmatige Intelligensie en Pensioen

Die voorsitter van die Predikante Pensioenfonds se Beheerliggaam, ds Monty Sahd, het die toepassing *Perplexity** oor pensioene uitgevra. Ds Sahd skryf dat hy twee vrae gestel het en die volgende antwoorde ontvang het. Die antwoord is taalkundig deur die Kommunikasiekomitee geredigeer.

*[<https://www.perplexity.ai/hub/getting-started>].

Vraag 1: Wat sê die Bybel oor pensioene?

Op hierdie vraag het ek die antwoord gekry dat die Bybel nie spesifiek iets oor moderne pensioenvoorsiening sê nie, maar dat die algemene Bybelse beginsels oor voorsiening, sorg en verantwoordelikheid wel op pensioenfondse toegepas kan word. *Perplexity* het hierna die volgende algemene beginsels genoem:

• vertrou op die Here se voorsiening en sorg;

• wees verantwoordelik met jou inkomste en maak voorsiening soos wat jy kan beplan;

• ondersteun mekaar in die gemeenskap op fisiese en geestelike gebied;

• vermy gierigheid en leef 'n lewe van getrouheid en wysheid; en

• kerke en gemeenskappe behoort formele stelsels te hê om voorsiening te maak vir ouderdom en ongeskiktheid.

Alhoewel die Bybel nie direk van pensioen praat nie, ondersteun die Bybel die beginsels van beplanning, vertroue op God en geestelike en gemeenskaplike verantwoordelikheid.



Vraag 2: Feitelike en emosionele aspekte van aftrede

Aftrede is die beëindiging van 'n mens se beroepslewe of die uittrede uit 'n werkposisie. Dit behels die **oorgang** van 'n aktiewe werkslewe na 'n nuwe lewensfase met nuwe uitdagings. Dit is 'n betekenisvolle lewens-oorgang met nuwe emosionele en psigologiese uitdagings.

Feitelike inligting oor aftrede behels die ophou van werk of die uittrede op 'n bepaalde ouderdom of weens gesondheidsredes of ander omstandighede. Mense kan ook semi-aftree deur hulle werksure of werkklas te verminder. In die meeste ontwikkelde lande word pensioen- of aftreevoordele deur werkgewers of die staat gefinansier, maar in baie armer lande ontbreek sulke stelsels.

Die volgende emosionele uitdagings by aftrede word genoem:

- **Verlies van identiteit en doel:** Werk bied nie net 'n bron van inkomste nie, maar ook 'n gevoel van doel, struktuur en identiteit. By aftrede kan mense sukkel om hierdie elemente te vervang. Dit kan tot 'n gebrek aan selfwaarde lei.
- **Verlies van sosiale interaksie:** Die alledaagse kontak met kollegas en die sosiale netwerk wat werk bied, verdwyn. Dit kan gevoelens van isolasie en eensaamheid veroorsaak.
- **Aanpassing by 'n nuwe tempo van lewe:** Die oorgang na 'n vryer, maar ook soms minder gestruktureerde daaglikse lewe kan stresvol wees. Dit kan 'n gevoel van verwarring of eensaamheid meebring.
- **Angs en onsekerheid oor die toekoms:** Finansiële besorgdheid, gesondheidskwessies en vrees vir die onbekende kan spanning en angs verhoog.
- **Risiko van depressie:** Vir sommige kan die kombinasie van bogenoemde faktore tot simptome van depressie lei – veral as daar nie voldoende ondersteuning of alternatiewe aktiwiteite is nie.


Dit is belangrik om hierdie emosionele uitdagings te herken en ondersteuning vir emosionele welstand by familie, vriende en kundiges te soek. Dit is ook belangrik om nuwe aktiwiteite te vind om 'n gesonde aanpassing by aftrede te bevorder.

Fondsprestasie en Portuurgroepvergelyking

Die Beleggingskomitee moniteer die Fonds se beleggingsopbrengs en toets dit, onder andere, aan die beleggingsportefeuljes se doelwitte. Die volgende tabel toon elke portefeulje se reële doelwit (pers) en die termyn waaroor dit gemeet word. Daarna volg die geannualiseerde inflasie oor die betrokke termyn (blou). Die laaste kolom (geel) toon die betrokke portefeulje se geannualiseerde oor- of onderprestasie oor die betrokke termyn. Die oor- of onderprestasie word bereken deur die reële doelwit (pers) plus inflasie (blou) van die werklike opbrengs (groen) af te trek. Weens afronding, kan die oor- of onderprestasie soms met 'n desimaal verskil. Die data is soos aan die einde van die eerste kwartaal van 2025 (31 Maart 2025).

Portefeulje	Termyn	Reële doelwit	Inflasie	Teiken opbrengs	Werklike Opbrengs	Oor-prestasie van die doelwit
Langtermyn	8 jaar	5,0%	4,6%	9,6%	9,7%	0,1%
Konserwatief	3 jaar	3,0%	5,0%	8,0%	10,3%	2,3%
Inkomstebeskerming	1 jaar	1,0%	2,8%	3,8%	9,7%	5,9%

Die volgende grafiek gebruik dieselfde data as die voorafgaande tabel. Die geel kolom visualiseer die verskillende portefeuljes se oor- of onderprestasie van die spesifieke portefeulje se werklike opbrengs oor die spesifieke doelwit-periode.



Portuurgroep

Die Beleggingskomitee vergelyk ook die Fonds se beleggingsopbrengs met ander fondse. In die portuurgroepvergelyking van die langtermyn-portefeulje (die Fonds se grootste portefeulje) word daar maandeliks gekyk na die volgende tien fondsbestuurders: Allan Gray, Camissa, Coronation, Foord, M&G (voorheen Prudential), Ninety One (voorheen Investec), Oasis, OMIG (Old Mutual Investment Group), SIM (Sanlam Investments) en STANLIB. Die langtermyn-portefeulje se opbrengs oor die tienjaar-periode (9,0%) is die derde beste in die portuurgroep (data soos op 31 Maart 2025). Coronation (tweede) se opbrengs is ook 9,0% en Camissa (eerste) het 9,4% gelewer. Die verskil tussen die top drie is dus baie klein. Oor die agtjaar-periode was die langtermyn-portefeulje (9,7%) ook die derde beste met Camissa (10,2%) en Coronation (10,0%) in die eerste twee plekke.



Die langtermyn-portefeulje het egter steeds **die beste risiko-aangepaste opbrengs (Sortino-verhouding) oor die agtjaarperiode**. Dit is 'n goeie uitkoms. Die Sortino-verhouding is 'n manier om te kyk of 'n belegging se opbrengs die risiko werd was – maar dit meet net die “slegte” risiko. Voorbeeld: Gestel 'n belegging het die afgelope jaar 'n gemiddelde opbrengs van 8% gegee met amper geen negatiewe maandelikse opbrengste nie. Dit sal 'n hoë Sortino-verhouding gee. As dieselfde opbrengs (8%) verkry is, maar met 'n heelwat negatiewe maande tussendeur, sou die Sortino-verhouding laer wees. In 'n pensioenfonds wil 'n mens nie groot dalings beleef nie – veral nie net voor aftrede nie. Op die korttermyn (afgelope jaar) het die Fonds effens teruggesak in die portuurgroep. Die rede hiervoor is nie noodwendig dat die Fonds se prestasie verswak het nie, maar eerder dat twee van die portuurgroepbestuurders uitmuntende goeie prestasie oor die afgelope paar jaar gelewer het.

Leer ken die:

1. Beleggingsmodelle
2. Beleggingsportefeuljes
3. Bateklasse
4. Fondsbestuurders

Nuwe lede van die Fonds word soms oorweldig deur die talle keuses. Die Kommunikasiekomitee het dus versoek dat hierdie nuusbrieff die Fonds se beleggingsmodelle moet verduidelik. Om 'n ingeligte besluit oor 'n gepaste beleggingsmodel te kan maak, is dit nodig om ook die beleggingsportefeuljes en bateklasse te verstaan.

1. Beleggingsmodelle

Elke PPF-lid se pensioenfondsydraes word volgens 'n spesifieke

beleggingsmodel belê. Daar is twee tipes beleggingsmodelle:


- Opsie 1: 'n Verstek **lewensfase** model.
- Opsie 2: 'n Model volgens **eie keuse**.

Met 'n "**lewensfasebeleggingsmodel**" word bedoel dat 'n lid se fondskrediet en bydraes outomaties vanaf 'n aantal jare voor normale aftrede (tans 65) van een beleggingsportefeulje na 'n ander geskuif word. Die **lid se lewensfase** (ouderdom) bepaal in watter beleggingsportefeulje sy of haar fondskrediet en toekomstige bydraes belê word.

IFLA-lede (lede wat besluit het om binne die Fonds af te tree met die in-fonds lewende annuïteit) het drie opsies:

- Opsie 1: 'n Verstek **lewensfase** model vir **lewende annuïtante**.
- Opsie 2: 'n Model volgens **eie keuse**.
- Opsie 3: 'n Beleggingsmodel met 'n **spesifieke onttrekkingsopdrag**.

In Opsie 2 en 3 is daar geen outomatiese skuiwe nie. Die lid moet van tyd tot tyd self aandui in watter portefeulje of kombinasie van portefeuljes sy of haar fondskrediet belê moet word.




Elke model bestaan uit 'n bepaalde **beleggingsportefeulje** of 'n **kombinasie** van portefeuljes. Die drie portefeuljes is:

- **Langtermyn**-portefeulje
- **Konserwatiewe**-portefeulje
- **Inkomstebeskerming**-portefeulje

Sien bladsy 5 en 6 vir meer besonderhede oor die verskillende beleggingsportefeuljes.


Opsie 1 – Die Verstek Lewensfasebeleggingsmodel

Die verstek lewensfasebeleggingsmodel is op 1 Junie 2022 geïmplementeer. Dit bestuur die lid se fondskrediet en bydraes op so 'n wyse dat dit op die lid se 64^{ste} verjaarsdag as volg belê is: **30%** in die langtermyn-portefeulje, **40%** in die konserwatiewe-portefeulje en **30%** in die inkomstebeskerming-portefeulje:



Die vermindering vanaf die langtermyn-portefeulje geskied oor sewe jaar met klein aanpassings van **0,833%** per maand vanaf ouderdom 57 (agt jaar voor aftrede) tot ouderdom 64 (een jaar voor aftrede). Vanaf ouderdom 62 (drie jaar voor aftrede) word daar **1,25%** per maand na die inkomstebeskerming-portefeulje oorgeplaas. Hiervan kom 0,833% uit die langtermyn-portefeulje en 0,417% per maand vanaf die konserwatiewe-portefeulje.

Omdat die skuiwe elke maand gemaak word, lyk die grafiek eintlik as volg:



Die Ou 2008 Lewensfasebeleggingsmodel


Met die implementering van die huidige (2022) verstek lewensfasebeleggingsmodel, het lede die keuse gehad om skriftelik te kies om by die ou lewensfasebeleggingsmodel van 2008 te bly. Aangesien daar steeds 'n aantal lede in hierdie 2008 lewensfasebeleggingsmodel belê is, word dit ook verduidelik.

Hierdie 2008 lewensfasebeleggingsmodel het aanvanklik in sy doel geslaag as 'n goeie model vir lede wat 'n **gewaarborgde pensioen** wou koop en 'n wesenlike gedeelte in **kontant** wou neem. Die inkomstebeskerming-portefeulje het 'n positiewe (maar konserwatiewe) opbrengs oor alle periodes gehad.

Die feit is egter dat min lede tans 'n gewaarborgde pensioen met aftrede koop. Die meeste lede kies 'n **lewende annuïteit**. Lede neem ook selde die volle derde (33,3%) wat hulle in kontant kan neem. Die huidige tendens is dat lede tussen 10% en 20% in kontant neem.

In die 2008 lewensfasebeleggingsmodel skuif lede se fondskrediet en maandelikse bydraes vanaf die agste jaar voor normale aftrede

(vanaf die lid se 57^{ste} verjaarsdag) geleidelik oor na die konserwatiewe-portefeulje en daarna na die inkomstebeskerming-portefeulje sodat die lid met sy of haar 64^{ste} verjaarsdag 100% in die inkomstebeskerming-portefeulje belê is.



Opsie 2 – Eie Keuse

In Opsie 2 kan die lid self aandui hoe sy of haar fondskrediet en toekomstige bydraes belê moet word. Die lid kan selfs kies dat die bestaande fondskrediet in een spesifieke beleggingsportefeulje belê moet word, terwyl toekomstige bydraes in 'n ander portefeulje belê moet word.

Enige kombinasie van portefeuljes is moontlik – mits die totaal 100% is. Lede kan die portefeuljes kies – nie die beleggingshuis (Allan Gray, Coronation) of die bateklasse (aandele, effekte, kontant) nie. Lede kan dus ook nie kies hoeveel hulle in die binneland of die buiteland wil belê nie. Die keuse is slegs ten opsigte van die beleggingsportefeulje.


Die beleggingskeusevorm is op die Fonds se webwerf by “Keuses” op die Vorms-bladsy beskikbaar:

<https://www.ppfkaapkerk.co.za/vorms/#Keuses>

Die Verstek Lewende Annuïteit Model

Lede wat aftree en besluit om 'n lewende annuïteit by die Fonds te koop, kan kies tussen die verstek lewende annuïteit beleggingsmodel en 'n eie keuse model (net soos aktiewe lede). Die verstek lewende annuïteit beleggingsmodel belê 40% van die fondskrediet in die langtermyn-portefeulje en 60% in die konserwatiewe-portefeulje en niks in die inkomstebeskerming-portefeulje nie.

Hierdie verdeling geld vir lede vanaf ouderdom 65 tot 76. Daarna word daar elke jaar 10% vanaf die langtermyn-portefeulje na die konserwatiewe-portefeulje geskuif. Vanaf die IFLA-lede se 80^{ste} jaar is hulle 100% in die konserwatiewe-portefeulje belê.



'n Derde Opsie vir IFLA-lede

IFLA-lede het 'n derde opsie. IFLA-lede wat hulle eie beleggingsmodel saamstel, kan kies dat hulle maandelikse pensioen uit een spesifieke beleggingsportefeulje onttrek moet word. Die IFLA-lid sou byvoorbeeld kon kies dat 80% in die langtermyn-portefeulje moet wees en 20% in die inkomstebeskerming-portefeulje en dat die maandelikse pensioen slegs uit die inkomstebeskerming-portefeulje betaal moet word. Om so 'n keuse te kan maak, moet die lid ten minste twee maal sy of haar verkose onttrekkingskoers toeken aan die portefeulje wat gekies word vir die onttrekkings. Die koste vir die uitoefening van hierdie keuse is R402,50 (BTW ingesluit) per verandering. IFLA-lede kan slegs een keer in elke ses maande so 'n nuwe keuse uitoefen.

Kry die Beleggingskeusevorm vir IFLA-lede op die Webwerf se IFLA-bladsy: <https://www.ppfsaapkerk.co.za/ifla/>

As die onttrekkingskoers 5% is en die maandelikse pensioen slegs uit die inkomstebeskerming-portefeulje verhaal moet word, moet die lid se beleggingsmodelkeuse minstens 10% aan die inkomstebeskerming-portefeulje toeken.

2. Beleggingsportefeuljes

Die Predikante Pensioenfonds het drie beleggingsportefeuljes:


- **Langtermyn**-portefeulje
- **Konserwatiewe**-portefeulje
- **Inkomstebeskerming**-portefeulje

Die feiteblaaie van die beleggingsportefeuljes word jaarliks aangepas. Dit is op die Fonds se webwerf op die Publikasies-blad beskikbaar. Die opbrengs van elke beleggingsportefeulje word maandeliks op die Fonds se webwerf op die Opbrengs-blad gepubliseer. Die skakel is: <https://www.ppfsaapkerk.co.za/opbrengs/>

Die opbrengstabel en grafiek wys dat die langtermyn-portefeulje se opbrengs wisselvallig is. Dit het groter opbrengste én groter verliese as die ander twee portefeuljes. Die konserwatiewe-portefeulje se wisselvalligheid is matiger. By die inkomstebeskerming-portefeulje is die opbrengs laer, maar die wisselvalligheid is heelwat minder.

Die grafiek op die volgende bladsy (bladsy 6) toon die hipotetiese opbrengs van 'n R100-belegging vanaf 1 Januarie 2008 tot 31 Julie 2025 (211 maande). Let op hoe wisselvallig die langtermyn-portefeulje (rooi) is, maar oor tyd wel die ander portefeuljes uitpresteer. Die doel van die grafiek is bloot om die verskil (met gebruikmaking van die werklike opbrengste van die Predikante Pensioenfonds) tussen die verskillende portefeuljes te illustreer. In Maart 2020 (Covid-19!) was die langtermyn-portefeulje R263,58. Die konserwatiewe-portefeulje was toe R265,17 en die inkomstebeskerming-portefeulje was R264,60. Die langtermyn-portefeulje het egter weer vinnig herstel.

Die **R100** sou teen 31 Julie 2025 **R592** in die langtermyn-portefeulje gewees het. As die R100 dalk R1 miljoen was, sou dit op 31 Julie 2025 R5,9 miljoen gewees het (ensovoorts). Die inkomstebeskerming-portefeulje se groei was meer stabiel, maar oor die langtermyn (hierdie 211 maande) sou R100 net tot **R393** gegroei het. Die konserwatiewe portefeulje kies die middelgrond en eindig na 211 maande met **R495**.



3. Bateklasse

Elke **beleggingsportefeulje** bestaan uit 'n kombinasie van **bateklasse**. Verskillende **beleggingshuise** of fondsbestuurders word gebruik om die verskillende bateklasse te bestuur. Lede het nie 'n keuse ten opsigte van spesifieke maatskappye of beleggingshuise nie. Lede wat die eie keuse lewensfasemodel (Opsie 2) gekies het, het wel 'n keuse ten opsigte van die beleggingsportefeulje of kombinasie van portefeuljes waarin hulle pensioenfondsbydraes belê word.

Die volgende tabel toon die strategiese bate allokasie van elke beleggingsportefeulje. Die strategiese bate allokasie is die mikpunt waarna gestreef word. Marktoestande veroorsaak soms dat een bateklas beter as 'n ander bateklas vaar. 'n Moontlike gevolg kan dan wees dat die Fonds onder- of oorgewig in 'n spesifieke bateklas is (te veel of te min in 'n spesifieke bateklas belê is). Soms kies die Beleggingskomitee om weens spesifieke redes bietjie oorgewig te wees in 'n bepaalde bateklas – ander kere is dit weer nodig om die bateklasse te herbalanseer. Hierdie tipe besluite word slegs geneem nadat kundige advies van die Fonds se batekonsultant (Willis Towers Watson) ingewin is.

'n Lid wat minder buitelandse blootstelling wil hê of meer in kontant wil belê, **kan onderstaande tabel gebruik om 'n eie beleggingsportefeulje saam te stel** van byvoorbeeld 50% elk in die konserwatiewe-portefeulje en die inkomstebeskerming-portefeulje. Dan sal die portefeulje 85% plaaslike en 15% buitelandse blootstelling hê.

Hierdie tipe berekeninge en keuses moet liefies met 'n kundige finansiële adviseur se advies gedoen word. Lede word veral ook ontmoedig om sommer groot skuiwe te maak soos vanaf 100% in die langtermyn-portefeulje na 100% in die inkomstebeskerming-portefeulje. Skielike veranderinge (veral in die langtermyn-portefeulje) kan 'n groot impak op so 'n skuif hê.

Bateklas	Langtermyn	Konserwatief	Inkomste
Plaaslike Aandele	28,00%	17,00%	–
Plaaslike Infrastruktuur	5,00%	5,00%	–
Plaaslike Inkomste	–	18,00%	–
Plaaslike Effekte	17,00%	–	15,00%
Plaaslike Krediet	5,00%	15,00%	15,00%
Plaaslike Kontant	–	15,00%	70,00%
Plaaslike blootstelling	55,00%	70,00%	100,00%
Buitelandse Aandele DM	29,90%	19,60%	–
Buitelandse Aandele EM	3,84%	2,50%	–
Buitelandse Eiendom	3,84%	2,50%	–
Buitelandse Infrastruktuur	5,10%	3,40%	–
Buitelandse Private Ekwiteite	2,30%	2,00%	–
Buitelandse blootstelling	45,00%	30,00%	–
Totaal	100,00%	100,00%	100,00%

Alexforbes hef 'n fooi van R402,50 (BTW ingesluit) per beleggingskuif. Dit word direk vanaf die lid se fondskrediet verhaal. Lede kan so gereeld as wat hulle wil tussen portefeuljes skuif. Die Fonds werk egter met 'n maandelikse opbrengs. Slegs een skuif per maand kan dus geïmplementeer word. Hierdie fooi word nie gevra vir lede in die lewensfasebeleggingsmodelle waar skuiwe outomaties plaasvind nie.

Alexforbes moet die beleggingskeusevorm teen die 30^{ste} van 'n maand ontvang om dit teen die einde van daardie maand uit te voer. Indien dit na die 30^{ste} van die maand ontvang word, sal dit eers teen die einde van die volgende maand uitgevoer kan word.

4. Fondsbestuurders

Plaaslike Beleggings

Aandele:	Allan Gray, Coronation, Sanlam (Indeksfonds).
Infrastruktuur:	Stanlib Infrastructure Fund of Funds.
Inkomste:	Prescient Income Fund.
Effekte:	Futuregrowth Infrastructure and Development Bonds, Ninety One Inflation Linked Bonds en Ninety One I2029 Bonds.
Krediet:	Ninety One Credit Opportunities 5 & 12 en Ninety One Credit Income.
Kontant:	Ninety One Money Market.


Buitelandse Beleggings

Aandele:	Stanlib MSCI Note. Sygnia Diversified Global Developed Markets Equity (Lindsell Train, Polaris Capital, Lansdowne Partners, GQG Partners, Metropolis Capital, Sands Capital, Sanders Capital, Select Equity, Jennison Associates en Teewinot). Sygnia Diversified Global Emerging Markets Equity (Sands Capital, Pzena, GQG Partners, Coronation en Aikya).
Eiendom	Resolution Capital via Sygnia Global Property.
Infrastruktuur	Maple-Brown Abbott via Sygnia Global Infrastructure.
Private ekwiteit	Oxford Science Enterprises (OSE) en Braavos via Sygnia Private Equity.

Fondswaarde

Dit is interessant om te kyk na die fonds se groei in totale bates. Die Fonds se bates het van **R363 974** in 1920 tot R1 miljard (R1 054 174 050) in 2005 toegeneem. In die volgende 20 jaar het die bates tot **R2 835 182 634** (R2,8 miljard) gegroei. Die getal aktiewe lede het van 706 in 2005 tot 602 op 31 Desember 2024 gedaal.

Die getal pensioentrekkers (dit sluit ook die in-fonds lewende annuïteit lede in) het oor die afgelope 20 jaar van 644 verminder tot 328. Die getal pensioentrekkers het vanaf 2017 egter min of meer konstant gebly (332 in 2017 en 328 in 2024). Daar kom die laaste klompie jare heelwat IFLA-lede by (tans reeds 130).



Bedanking en die “Potte”

Daar is reeds uitvoerig in 2024 se Nuusbrief oor die tweepotstelsel se drie potte geskryf. Een faset wat nie volledig bespreek was nie, is die gevolge vir ’n predikant wat wil bedank of emigreer.

Bedanking

Vanaf 1 September 2024 kan ’n predikant wat bedank slegs die geld in die **oupot** (“vested pot”) en in die **spaarpot** (“savings pot”) in kontant neem. Die geld in die **aftreepot** (“retirement pot”) kan nie aan geraak word nie. Onttrekking uit die oupot en die spaarpot vereis twee afsonderlike onttrekkingsinstruksies. Die belasting word ook afsonderlik hanteer en vereis dus ook twee afsonderlike belastingaanwysings.

- Belasting ten opsigte van die **oupot** is betaalbaar volgens die bedankingsbelastingsskaal.
- Belasting ten opsigte van die **spaarpot** word soos inkomste belas, volgens die inkomstebelastingsskaal van toepassing op die lid se inkomste in die betrokke belastingjaar. Alexforbes se normale R600,00 administrasieheffing verval indien die lid se spaarpot by bedanking uitbetaal word.

[Terloops: By aftrede moet die volle fondswaarde van die **aftreepot** gebruik word om ’n gewaarborgde pensioen of ’n lewende annuïteit of ’n kombinasie van die twee te koop. Geen gedeelte van die aftreepot mag tot kontant gemaak word nie – behalwe as die totale waarde van al drie die potte saam minder as die voorgeskrewe *de minimis*-bedrag (tans R247 500) is. Formeel gestel: die aftreekomponent moet 100% geannuïtiseer word.]

’n Lid wat as predikant bedank, hoef nie noodwendig uit die Predikante Pensioenfonds te bedank nie. ’n Lid kan kies om ’n “Opbetaalde lid” van die Fonds te bly. ’n Opbetaalde lid mag nie meer bydraes tot die Fonds maak nie, maar die lid kan steeds kies in watter portefeulje of kombinasie van portefeuljes die fonds belê moet word. Die opbetaalde lid se fonds bly dus groei. ’n Lid moet 55 of ouer wees voordat hy of sy kan aftree. Sien die webwerf (<https://www.ppfkaapkerk.co.za/opsies>) vir opsies by aftrede. ’n Opbetaalde lid, jonger as 65, wat weer as predikant in die Fonds se gebied bevestig word, word weer ’n aktiewe bydraende lid.

Emigrasie

Indien ’n lid bedank omdat hy of sy na die buiteland wil emigreer, sal die lid steeds ook net die geld in die oupot en die spaarpot tot kontant kan maak. Die geld in die aftreepot kan eers drie jaar nadat die lid nie meer ’n Suid-Afrikaanse belastingbetaler is nie, in ’n buitelandse bankrekening uitbetaal word.

Nog ’n Bonus vir Pensioentrekkers



Die Fonds het in April 2023 ’n inflasie-gekoppelde annuïteitspolis by Sanlam aangekoop. Hierdie polis het groot verligting vir die Fonds se pensioentrekkers gebring. Sanlam waarborg die huidige pensioene én waarborg jaarlikse pensioenverhogings (vanaf Januarie van elke jaar) gelyk aan 100% van die verbruikersprysindeks.

’n Tweede groot voordeel van die polis se aankoop was dat dit uiteindelik minder gekos het as wat beskikbaar was in die pensioentrekkers se rekening. Die Beheerliggaam het gevolglik besluit om ’n bonus, gelykstaande aan een volle maand se pensioen, in Desember 2023 aan elke pensioentrekker te betaal. ’n Tweede bonus, weer eens gelyk aan ’n volle maand se pensioen, is in April 2024 betaal.

In Augustus 2024 is ’n derde bonus, steeds gelyk aan ’n volle maand se pensioen, aan elke pensioentrekker betaal. Na die geouditeerde finansiële state van die Fonds in Junie 2025 gefinaliseer is, het dit geblyk dat daar sowaar steeds

’n klein bietjie geld in die pensioentrekkers se rekening beskikbaar is.

Pensioentrekkers kry dus in Augustus 2025 **tweederdes van hulle normale pensioen** (voor aftrekkings) saam met Augustus se gewone pensioen. Die Beheerliggaam kan ongelukkig nie nog sulke verhogings in die nabye toekoms voorsien nie. Pensioentrekkers moet dus asseblief nie verwag dat hierdie bonusse sal voortduur nie.

Omsetting- en Voortsettingsopsies by Aftrede

Lede van die Predikante Pensioenfonds het talle groot keuses om uit te oefen wanneer hulle aftree of kies om voort te gaan met diens ná ouderdom 65 (die normale aftreeouderdom vir predikante). Daar is ook twee belangrike opsies ten opsigte van die risikovoordere (Sanlam se groeplewensversekering): Die “Omsettingsopsie” en die “Voortsettingsopsie”.

Omsettingsopsie

Die Sanlam-polis (ingesluit by die Predikante Pensioenfonds lidmaatskap) bied aan lede ’n **Omsettingsopsie**. Volgens die Omsettingsopsie kan ’n lid sonder ’n mediese ondersoek voortgaan met lewensversekering by Sanlam, maar teen privaat tariewe wat Sanlam sal kwoteer.

Die Omsettingsopsie (indien die lid dit wil neem) MOET binne 60 dae na die lid se 65^{ste} verjaarsdag uitgeoefen word. Lede wat vroeër aftree, kan ook die Omsettingsopsie kies, maar moet dit dan binne 60 dae na die vervroegde aftreedatum kies. Lede wat die Voortsettingsopsie (sien volgende paragraaf) na ouderdom 65 kies, kan nie op ’n later stadium (byvoorbeeld op ouderdom 68) die Omsettingsopsie kies nie.



Voortsettingsopsie

Lede wat ononderbroke met diens na ouderdom 65 voortgaan, kan met die groeplewensversekering (teen dieselfde premie as vir lede jonger as 65) voortgaan tot en met die lid se sewentigste verjaarsdag.

Lede wat met die Voortsettingsopsie (na ouderdom 65) voortgegaan het, kan nie op ’n later stadium, byvoorbeeld op ouderdom 68, die Omsettingsopsie kies nie. Die Omsettingsopsie is **slegs op ouderdom 65** beskikbaar (of indien die lid vroeër aftree).

In Memoriam

Die Fonds se Nuusbrief publiseer jaarliks die name van lede wat sedert die vorige Nuusbrief se verskyning gesterf het. Vanweë die lede se hoë ouderdom, raak die lys van jaarlikse sterftes al langer.


Die oorspronklike pensioentrekergroep wat in 2008 besluit het om by die Predikante Pensioenfonds te bly, raak nou min. Op 31 Julie 2025 was daar nog net 78 predikante en 127 weduwees oor. **Drie** dienende predikante (aktiewe lede van die Fonds) en **vyftien** pensioentrekkers het die afgelope twaalf maande gesterf.

Aktiewe Lede

Ds Jannie Engelbrecht voorheen van Riebeek-Wes – 11/01/2025 (61).

Ds George Whitehead voorheen van Hospitaalpark – 30/04/2025 (68).

Ds Muller Oosthuizen voorheen van Williston – 02/07/2025 (hy sou op 8 Julie 2025 sy 65^{ste} verjaarsdag gevier het).



Pensioentrekkers

Ds Lucius Dreyer – 08/09/2024 (85).

Mev Anna Elizabeth Terblanche – 19/09/2024 (89).

Mev Anna Maria Buckle – 23/09/2024 (98).

Mev Magdalena Gertruida Human – 26/10/2024 (91).

Ds Cornelis Goosen Kotze – 02/11/2024 (79).

Ds Barend Petrus De Wet – 17/01/2025 (83).

Ds Jan Hendrik Basson – 04/02/2025 (80).

Mev Georgina Conradie – 07/02/2025 (93).

Dr Jacob Martinus Venter Van Zyl – 19/03/2025 (90).

Ds Jacobus Stephanus Anker – 06/05/2025 (75).

Ds Michiel Roche Heyns – 11/05/2025 (85).

Ds Jan Petrus Botes – 12/05/2025 (87).

Ds Herman Louw – 09/07/2025 (93).

Ds Christo Albertyn – 11/07/2025 (96).

Mev Elsje Johanna Verhoef – 28/07/2025 (90).

Sterftevoordele vir Lede van die Fonds

Verbasend min mense het 'n goeie idee van hulle sterftevoordele. Dit kos dikwels 'n bietjie rondvra van die lid se naasbestaandes om uit te vind watter sterftedekking die lid moontlik gehad het en wie om te kontak. Hierdie artikel poog om kortliks die sterftedekking te verduidelik vir die verskillende groepe in die Fonds.

Sterftevoordele vir Pensioentrekkers

Daar is geen versekerde voordele vir pensioentrekkers van die Fonds nie. Die lid wat sterf sal egter steeds die volle maand se pensioen ontvang vir die maand waarin die lid gesterf het. Naasbestaandes moet dus asseblief nie die lid se bankrekening voor die einde van die maand waarin die lid gesterf het, sluit nie.

Indien die pensioentrekkerlid 'n gade nalaat, sal die gade vanaf die eersvolgende maand 70% van die lid se pensioen ontvang – mits die gade die nodige bewyse en voorgeskrewe vorm betyds aan Alexforbes besorg het. Indien die gade meer as tien jaar jonger as die lid is, verminder die 70% met 2% vir elke jaar wat die gade jonger as die lid is.



Die gade moet die volgende dokumente voorsien om die weduweepensioen te kan ontvang:

- Beide die “*Death Certificate* (DHA-5) én die “*Notice of Death*” (DHA-1663A);
- Huweliksertifikaat (DHA-27);
- Afskrif van beide die lid en die gade se identiteitsdokumente of identiteitskaarte;
- Die weduwee se belastingnommer ('n verklaring van die SAID of 'n brief aan die weduwee met haar naam en die SAID se verwysingsnommer daarop);
- Bankbesonderhede van die weduwee op 'n amptelike gedateerde en gestempelde brief van die bank wat die rekeningnommer bevestig. Die brief mag nie ouer as drie maande wees nie; en
- Alexforbes se “*Death Claim Form – Pensioners*”.

Alle afskrifte moet vars (jonger as drie maande) gesertifiseer wees as 'n ware afskrif van die oorspronklike. Naasbestaandes moet asseblief so gou as moontlik vir die pensioenfondskantoor van die sterfte laat weet. Elodie van der Walt sal dan die nodige kennisgewing aan Alexforbes gee en aan die naasbestaandes die vereiste vorms stuur. [Elodie van der Walt – pensioen@kaapkerk.co.za]

Sterftevoordele vir Aktiewe Lede

By die sterwe van 'n lid in aktiewe diens, is daar twee bedrae betaalbaar: die lid se fondswaarde in die Fonds en die lewensversekering vanaf Sanlam. Elke lid moet dus **twee** op datum vorms by die pensioenfondskantoor op lêer hê: 'n nominasievorm (vir die pensioenfonds) en 'n benoemingsvorm (vir Sanlam).

Nominasievorm ten opsigte van die Pensioenfonds

Volgens Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse moet die Beheerliggaam die finale besluit neem oor wie die lid se begunstigde(s) ten opsigte van die lid se pensioenfondsvoordele is. Die **nominasievorm** gee vir die Beheerliggaam 'n idee van die betrokke lid se **wens**. Hierdie vorm dien as 'n belangrike **riglyn** vir die verdeling van voordele by sterfte. Vir goeie finansiële beplanning moet elke lid seker maak dat die pensioenfondskantoor 'n nominasievorm het wat op datum is en in lyn met die lid se nuutste omstandighede is.

By die sterwe van 'n lid in aktiewe diens, moet die Beheerliggaam 'n ondersoek doen na wie die lid se afhanklikes is en dan bepaal aan wie die fondswaarde uitbetaal moet word. Die ondersoek word gewoonlik deur die Fonds se Hoofbeampte en Sterftevoordeelbetalingskomitee gedoen, maar 'n tweede persoon (iemand wat die lid se familie goed ken) word gevra om ook 'n verslag te skryf oor wie finansiëel van die lid afhanklik was.

Slegs mense kan genomineer word. 'n Trust kan nie genomineer word as die afhanklike van die lid nie. Indien die genomineerde nie 'n Suid-Afrikaanse identiteitsnommer het nie, moet die paspoortnommer, met vermelding van die betrokke land, gegee word. Dit sal beslis ook help as die pensioenfondskantoor per aparte skrywe van die genomineerdes se kontakbesonderhede voorsien kan word.

Lede moet dus kennis neem dat hulle fondswaarde by hulle sterwe nie noodwendig aan die genomineerde op die nominasievorm uitbetaal sal word nie. Waar daar minderjarige kinders is, kan die Beheerliggaam byvoorbeeld besluit dat die fondswaarde aan die kinders toegeken moet word en dat dit vir hulle in trust gehou moet word. Die Fonds maak hiervoor tans gebruik van Sanlam se “*Beneficiary Fund*”. Die kind/kinders se voog kan wel onderhoudseise (skoolgeld, medies, ensovoorts) vanaf hierdie Fonds eis.

Benoemingsvorm ten opsigte van Lewensversekering (Sanlam)

Die **Benoemingsvorm** gee aan die versekeraar (Sanlam) die opdrag aan wie die lewensversekering betaal moet word. Volgens die versekeringswet **moet** die versekeraar (Sanlam in die geval van die Predikante Pensioenfonds se lede) **streng by die benoemingsvorm bly**. Sanlam vereis dus 'n spesifieke benoemingsvorm ten opsigte van die risikovoordede (lewensversekering). [Gadeversekering word by verstek aan die gade betaal en vereis dus nie 'n afsonderlike benoemingsvorm nie.]

By die Risikoversekering is dit moontlik om naas mense, ook 'n trust of enige ander entiteit te benoem as die begunstigde of begunstigdes. Dit help uiteraard as die pensioenfondskantoor van die kontakbesonderhede van die entiteite ingelig kan word. Indien Sanlam of die pensioenfondskantoor nie die entiteit kan opspoor nie, sal die geld na die lid se boedel gaan. Sanlam se polis verbied die lid om die lid se werkgewer (die gemeente of sinode wat die lid se salaris betaal) as 'n begunstigde te benoem.

Elke lid van die Fonds moet dus **twee vorms** ten opsigte van hulle sterftevoordede voltooi:

Die **NOMINASIEVORM** ten opsigte van die pensioenfonds en die **BENOEMINGSVORM** ten opsigte van die lewensversekering by Sanlam. Kontak gerus vir Elodie van der Walt om te bevestig of daar wel 'n op datum nominasievorm én benoemingsvorm op rekord is.

By die sterwe van 'n lid is daar gevolglik **twee afsonderlike stelle vorms** en dokumentasie wat voltooi moet word. Naasbestaandes moet asseblief die pensioenfondskantoor [pensioen@kaapkerk.co.za] so gou as moontlik laat weet van die sterfte. Elodie van der Walt sal dan Sanlam se vorms dadelik aan die naasbestaandes stuur om te voltooi. Hierdie eis kan baie gou uitbetaal word – feitlik sodra al die vereiste inligting ontvang is. Dieselfde inligting, soos genoem by pensioentrekkers, word van die benoemde verwag (sien vorige bladsy).

Die lid se fondswaarde kan eers uitbetaal word nadat die Beheerliggaam die Sterftevoordeelbetalingskomitee se verslag ontvang en bekragtig het. Die eis-vorms (vanaf Alexforbes) word ná die Beheerliggaam se besluit aan die begunstigde gestuur.



Sterftevoordede vir IFLA-lede

Wanneer 'n IFLA-lid te sterwe kom terwyl hy of sy in ontvangs is van 'n maandelikse pensioen uit die IFLA (die Fonds se in-fonds lewende annuïteit), sal sy of haar fondswaarde op die datum van sy of haar sterfte **oordra** na sy of haar kwalifiserende gade. 'n "Kwalifiserende gade" is 'n gade wat in 'n huwelik (wat onder Suid-Afrikaanse wetgewing as 'n huwelik erken word) met 'n lid getroud is. Die gade sal dus die volle maandelikse inkomste ontvang wat die afgestorwe gade ontvang het. Die gade sal op die gade se IFLA-verjaarsdag (een keer per jaar) 'n nuwe onttrekkingskoers kan kies.

Indien daar nie 'n kwalifiserende gade is nie, of as die kwalifiserende gade wat reeds 'n lewende annuïteit uit die Fonds ontvang, sou sterf, sal die bepalinge van Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse geld. In terme van hierdie wetgewing, sal die Beheerliggaam 'n ondersoek doen om vas te stel wat die finansiële afhanklikheid van familieledes en ander persone van die lid is en dan 'n verdeling maak in terme van die resultaat van hulle ondersoek. Hierdie verdeling sal nie noodwendig die lid se wense, soos uiteengesit in die "IFLA-nominasievorm: Afhanklikes en Begunstigdes" (Vorm PPF8) nakom nie, maar die Beheerliggaam sal daardie wense in ag neem in hulle verdeling. Begunstigdes wat deur die Beheerliggaam geïdentifiseer is, kan een van die volgende opsies uitoefen:

- 'n lewende annuïteit uit die Fonds trek;
- pensioen by 'n versekeraar aankoop, binne wetlike bepalinge; of
- 'n deel of die volle bedrag in kontant neem, binne wetlike bepalinge.

Wanneer daar geen afhanklikes in die ondersoek deur die Beheerliggaam geïdentifiseer word nie en daar ook nie 'n geldige nominasievorm (Vorm PPF8) bestaan nie, sal die balans aan die boedel oorbetal word.

Naasbestaande moet asseblief so gou as moontlik vir die pensioenfondskantoor van die sterfte laat weet. Elodie van der Walt sal dan die nodige kennisgewing aan Alexforbes gee en aan die naasbestaandes die vereiste vorms stuur. [Elodie van der Walt – pensioen@kaapkerk.co.za]

Besluite wat my Finansiële Reis Positief Beïnvloed het

Paul Hutchinson, Verkoopsbestuurder van Ninety One, het onlangs die volgende artikel geskryf waarin hy noem watter besluite hom positief beïnvloed het op sy finansiële reis [Die oorspronklike Engelse teks is ter wille van die Nuusbrief se lesers na Afrikaans vertaal].

In 'n onlangse artikel het ek teruggekyk op die beleggingsfoute wat ek oor die afgelope 30 jaar gemaak het, en die waardevolle lesse wat ek daaruit geleer het. In retrospektief het ek moontlik die indruk gelaat dat ek meestal dinge verkeerd aangepak het. Daarom dink ek dit is net regverdig om ook te deel wat ek reg gedoen het – besluite wat my finansiële reis positief beïnvloed het. Ek hoop dit bied stof tot nadenke en 'n bietjie aanmoediging.



Dit was goed...

1. om my lewensmaat met wysheid te kies

Benewens die ooglopende emosionele en persoonlike redes, is finansiële verenigbaarheid 'n kritiese, maar dikwels oor die hoof gesiene, faktor vir 'n suksesvolle verhouding. Wanneer finansiële waardes gedeel word, en daar ooreenstemming is oor spaar- en bestedingsdoelwitte, asook 'n gemeenskaplike siening van langtermyn-welstand, verminder dit finansiële spanning aansienlik en versnel dit gesamentlike doelwitte.

Ek is gelukkig in hierdie opsig. Finansiële eenstemmigheid met my lewensmaat het nie net gemoedsrus gebring nie, maar dit het ons ook in staat gestel om werklik saam vorentoe te beweeg.

Les: Finansiële harmonie in 'n verhouding beteken nie jy stem altyd saam nie – dit beteken jy deel dieselfde finansiële waardes en werk saam aan gesamentlike doelwitte.

2. om getrou te bly aan my primêre woning (en motor)

Ek het in my lewe slegs drie eiendomme besit – die laaste een saam met my lewensmaat – en vir meer as 20 jaar. Deur nie gereeld te verhuis nie, het ek aansienlik bespaar op kostes soos eiendomsagent-kommissies, oordragkoste, aktekoste, verbandregistrasiegelde, verhuising-uitgawes, ensovoorts. Dit het my ook in staat gestel om my verband af te betaal – 'n hoeksteen van my finansiële sekuriteit.

Wenk: Hou rekord van enige verbeterings wat jy aan jou huis aanbring. Dit kan help om jou kapitaalwinstbelastingrekening te verlaag wanneer jy eendag verkoop.

Net so het ek my motor meer as 'n dekade lank aangehou – dit was 'n motor wat ek gemaklik kon bekostig toe ek dit gekoop het. Ek het dus hoë finansieringskoste, insluitend ballonbetalings, vermy en so my maandelikse kontantvloei verbeter en versekering bekostigbaar gehou.

3. om nie aan my aftreegeld te raak nie

Al het ek baie kere van werk verander, het ek nooit my aftreegeld kontant uitgehaal nie. Hierdie enkele besluit het meegebring dat my aftreebeleggings oor tyd kon groei en saamgestelde rente kon verdien. Ek betreur wel dat ek nie altyd die aanbevole 15% van my inkomste gespaar het nie, maar deur te bewaar wat ek gehad het, het dit 'n betekenisvolle verskil gemaak.

Met die nuwe twee-pot-aftreestelsel is dit nou makliker om tot een-derde van jou aftreegeld te onttrek. Dit bied sekerlik uitkoms in tye van finansiële druk, maar wees versigtig. As jy beplan om gereeld hierdie deel te gebruik, oorweeg dit om minstens 18% van jou inkomste by te dra – of wees bereid om baie langer te werk as wat jy beplan het.

Les: Dissipline weeg swaarder as korttermyn-gemak. Beskerm jou aftreegeld, selfs al is dit moeilik om nie daaraan te raak nie.

4. om myself eerste te betaal

“Betaal jouself eerste” is meer as net ’n cliché – dit is ’n lewensbeginsel wat ek probeer volg. Gedurende my loopbaan het ek altyd eers gespaar en belê. Elke keer wanneer ek ’n bonus ontvang het, het ek die nabelaste bedrag gebruik om enige skuld af te betaal en die grootste deel van wat oorgebly het, te belê. Ja, dit is belangrik om jouself en jou gesin te bederf, maar doen dit met matigheid.

Hierdie gedissiplineerde gewoonte het my gehelp om ’n sterk finansiële basis vir die langtermyn te bou.

5. om beleggings sonder inmenging te laat groei

Al is ek in baie opsigte ongeduldig, het ek gelukkig geduld met my beleggings gehad – en dit het vrugte afgewerp. Geduld is waarskynlik een van die waardevolste eienskappe wat ’n belegger kan hê. Tog toon studies dat baie beleggers hulleself benadeel deur te probeer om die mark te voorspel. DALBAR se 30^{ste} jaarlikse *Quantitative Analysis of Investor Behaviour (QAIB)* wys dit duidelik: in 2023 het die Amerikaanse aandelemark met 26,3% gestyg, maar die gemiddelde aandeelbelegger het slegs 20,8% verdien. Oor langer tydperke is hierdie “gedragsverskil” gemiddeld 3,6% per jaar. Oor dekades saamgestel, het dit ’n groot invloed op jou vermoë om gemaklik af te tree.

Les: Dit is natuurlik om iets te wil doen wanneer die mark val, maar dikwels is die slimste besluit om niks te doen nie. Bly op koers – langtermyn-doelwitte word bereik deur die tyd in die mark, nie deur tydsberekeninge van die mark nie. Die Engelse sê: “*time in the market, not timing of the market.*”

6. om internasionaal te belê

Suid-Afrika maak slegs 0,3% van die wêreld se aandelemark uit. Om internasionaal te diversifiseer is daarom nie net slim nie – dit is noodsaaklik. Dit help om blootstelling aan ontwikkelende markrisiko’s te verminder, dit bied beskerming teen ’n verswakkende rand (wat oor die laaste 20 jaar met sowat 6% per jaar verswak het) en dit help om jou koopkrag in harde valuta te behou.

7. om risiko te aanvaar

Mense assosieer dikwels “risiko” met gevaar, maar in beleggings is risiko dikwels die toegangspoort tot beloning – veral oor die langtermyn.

Baie mense onderskat hoe lank hulle sal belê: ’n 20-jarige wat vandag begin werk, kan maklik ’n 70- tot 75-jaar beleggingshorison hê as jy meer as 45 jaar se werk en spaar insluit en daarna nog meer as 25 jaar in aftrede. Selfs iemand in hulle middeljare het waarskynlik nog 40 tot 50 jaar se beleggingstyd voor hom of haar.

As jy dit miskyk, beland jy dalk in ’n te konserwatiewe portefeulje wat nie voldoende groei om inflasie en belasting te klop nie. Ek het deurgaans my maksimum blootstelling aan groei-bates gehandhaaf, wat ’n groot verskil gemaak het. Oor die langtermyn lewer risiko-bates soos aandeel ’n premie. Suid-Afrikaanse aandeel het byvoorbeeld histories ongeveer 7% bo inflasie per jaar gelew, terwyl kontant of effekte slegs 1 tot 2% bo inflasie opgelew het. Oor dekades is die verskil dramaties.

8. om die waarde van finansiële advies te besef

Ek was gelukkig om saam met kundige kollegas te werk wat my finansiële denke positief beïnvloed het. Maar meer nog, ek het besef hoe belangrik dit is om met ’n ervare, onafhanklike finansiële adviseur saam te werk. ’n Goeie adviseur help jou om ’n plan te maak – en help jou om daarby te hou wanneer emosies en markte wankel.

Les: As ek een ding kon verander? Ek sou vroeër in my lewe met ’n professionele adviseur gewerk het.

Slotgedagte

Hierdie lesse beklemtoon ’n eenvoudige waarheid: daar is geen kitsoplossings om rykdom te bou nie.

Tyd is jou grootste bondgenoot. Combineer dit met geduld, dissipline en goeie advies – dan sal die beloning volg. Laat saamgestelde groei vir jou werk en hou koers.

Beheerliggaam van die Fonds

Die Fonds se Beheerliggaam bestaan uit 21 trustees. Elke sinode het een werkgewer aangewese trustee lid en een trustee lid wat deur die lede verkies is. Die pensioentrekkers en die IFLA-lede kies ook elkeen 'n trustee lid. Die Wes-Kaap het egter ses verkose trustee lede en die werkgewer (die Moderamen) wys vyf trustee lede aan. 'n Trustee se termyn strek oor vier jaar.

Werkgewer Aangewese Lede (9)

Wes-Kaapland (1 Mei 2023 – 30 April 2027): ds Hanri Joubert (vanaf 17 Januarie 2025), mnr Werner Jordaan, mnr Jan Kotze, mnr Jan Swanepoel en mnr Christian van Schalkwyk.

Noord-Kaapland (1 Oktober 2022 – 30 September 2026): ds Christo Jonck.

Oos-Kaapland (1 November 2023 – 31 Oktober 2027): ds Danie Mouton.

KwaZulu-Natal (1 Junie 2024 – 31 Mei 2028): ds Pieter Grobler.

Vrystaat (1 September 2021 – 31 Augustus 2025): dr Leon Foot.

Verkose Lede (12)

Wes-Kaapland (1 Mei 2023 – 30 April 2027): ds Roelien Karsten (vanaf 1 Maart 2025), ds Eugene Malan, ds Jampie Nel, ds Monty Sahd (voorsitter), ds Lenois Stander en dr Johan van den Heever.

KwaZulu-Natal (1 Junie 2024 – 31 Mei 2028): ds Petrus Botha.

Noord-Kaapland (1 Oktober 2022 – 30 September 2026): ds Melt Loubser.

Oos-Kaapland (27 Januarie 2025 – 31 Oktober 2027): ds Joe Janse van Rensburg.

Vrystaat (1 September 2021 – 31 Augustus 2025): mnr Adriaan de Ruiter.

Pensioentrekkers (1 Mei 2023 – 30 April 2027): ds Christo Alheit.

IFLA-lede (1 Mei 2023 tot 30 April 2027): ds Charl Stander.

Subkomitees

Die Beheerliggaam het verskeie subkomitees. Hierdie komitees word aangevul met kundige persone wat 'n waardevolle diens aan die Fonds lewer. Die Hoofbeampte (ds Bossie Minnaar) is *ex officio* lid van al die komitees.

Beleggingskomitee: mnr Johan de Villiers, dr Leon Foot, prof Niel Krige, ds Melt Loubser, mnr Robert Roux, ds Monty Sahd, ds Charl Stander (voorsitter) en mnr Christian van Schalkwyk.

Oudit- en risikokomitee: mnr Jan Kotze (voorsitter), ds Monty Sahd, ds Charl Stander en mev Annerina Viljoen.

Kommunikasiekomitee: ds Eugene Malan, ds Danie Mouton, ds Jampie Nel en ds Lenois Stander.

Sterftevoordeelbetalingskomitee: ds Petrus Botha, ds Monty Sahd, mnr Jan Swanepoel en die konsultant van Alexforbes.

Kontakbesonderhede



Alexforbes

Die Fonds maak gebruik van Alexforbes as administrateur. Alexforbes het 'n platform waarop lede hulle fondswaarde kan nagaan (AF Connect).

Alexforbes betaal ook die Fonds se pensioentrekkers en IFLA-lede namens die Fonds.

Belastingsertifikate (vir IFLA-lede en pensioentrekkers) word deur Alexforbes uitgereik, maar dit beteken nie dat lede aan Alexforbes se pensioenfonds behoort nie.

Lede wat probleme ervaar met die registrasieproses vir AF Connect kan Alexforbes as volg kontak:

Telefoon: 0860 100 333

E-pos: afonlinehelp@alexforbes.com

PENSIOENFONDSKANTOOR: Mev Elodie van der Walt – pensioen@kaapkerk.co.za

[Die pensioenfondskantoor is net weekdae van 8:00 tot 13:00 oop.]

HOOFBEAMPT: Ds Bossie Minnaar – 083 270 5211 – bossie@kaapkerk.co.za

[Die Hoofbeampte het nie 'n kantoor of kantoorure nie. Skakel hom enige tyd.]

Finansiële Advies

Dit word sterk aanbeveel dat 'n lid wat wil aftree reeds voor aftrede 'n goeie gesprek met 'n finansiële adviseur sal hê. Dit is nie verpligtend om 'n finansiële adviseur te spreek nie, maar dit word baie sterk aanbeveel.

Die Predikante Pensioenfonds het met twee finansiële adviseurs 'n **vaste fooi** vir voor-aftrede sessies beding. Hierdie fooi word uit die lid se fondswaarde betaal, nadat die lid 'n eisvorm geteken het wat bevestig dat die lid die diens ontvang het. Die advies kom dus nie uit die lid se gewone bankrekening nie, maar uit die lid se fondswaarde. Geen vaste kontrak word met hierdie finansiële adviseurs geteken nie. 'n Lid mag steeds by aftrede besluit om 'n ander finansiële adviseur te gebruik.

Ondergenoemde fooi vir voor-aftrede sessies is nie per kontak nie, maar eenmalig. Die na-aftrede fooi is die jaarlikse fooi. Lede is nie verplig om elke jaar 'n na-aftrede advies aan te vra nie. Die twee adviseurs is:



alexforbes
insight • advice • impact

Estian Visagie

Alexforbes se voor-aftrede fooi is
R5 750 (BTW ingesluit).

Die jaarlikse na-aftrede fooi (vir solank as wat dit gekies word) is:
0,20% van fondswaarde onderhewig aan minimum van **R5 750** en maksimum van **R14 950**.

021 809 3699 of 071 878 6664
visagiee@alexforbes.com

FinPrufe Wealth
BlueStar
authorised by  Sanlam

George de Kock

Sanlam se voor-aftrede fooi is
R5 000 (BTW ingesluit).

Die jaarlikse na-aftrede fooi (vir solank as wat dit gekies word) is:
0,23% van fondswaarde onderhewig aan minimum van **R6 390** en maksimum van **R12 800**.

021 880 6636 of 082 460 3278
george@finprufe.co.za

Addisionele Vrywillige Bydraes tot die Fonds

Vanaf 1 Maart 2016 is werkgewer- en werknemerbydraes tot 'n aftreefonds, wat bydraes tot annuïteite insluit, tot en met 27,5% van 'n lid se belasbare inkomste kwytkeseld van inkomstebelasting. Die bedrag kwytkeseld van belasting word egter beperk tot R350 000 per jaar. Lede word aangemoedig om addisionele, belastingvrye en vrywillige bydraes tot die Fonds te maak. Ekstra bydraes maak 'n groot verskil aan 'n lid se fondswaarde by aftrede. Addisionele bydraes kan in 'n enkelbedrag gedoen word en direk by Alexforbes inbetaal word. Kontak Elodie van der Walt (pensioen@kaapkerk.co.za) vir die prosedure. Die onus rus dan op die lid om belasting met die SAID uit te klaar.

Die ander moontlikheid is om maandeliks 'n ekstra bydrae via die werkgewer te laat betaal. In April 2025 het 109 lede van hierdie opsie gebruik. Net in Februarie 2025 was die totale addisionele bydraes R413 648,70. Die werkgewer word versoek om maandeliks 'n ekstra bedrag as 'n pensioenfondsbydrae af te trek. Die lid kry onmiddellik die belastingvoordeel. 'n Lid met 'n marginale belastingkoers van 31% kry dadelik R310 op elke R1 000 pasella vanaf die SAID. Dit beteken die werkgewer trek R1 000 af om aan die Predikante Pensioenfonds oor te betaal, maar die lid se netto salaris is net R690,00 minder.

Tweepotstelsel: Onttrekkings deur PPF-lede

Die Beheerliggaam het in Junie 2025 met dankbaarheid kennis geneem dat lede van die Fonds baie versigtig was met onttrekkings uit die pensioenfonds. Die volgende statistiek spreek vanself:

Periode	Aantal lede	Totale onttrekking	Gemiddelde onttrekking per lid
1 September 2024 tot 28 Februarie 2025	17	R579 563	R34 092
Belastingjaar wat op 1 Maart 2025 begin het:	5	R177 167	R35 433
Herhalende onttrekkers	3	R66 339	R22 113
Nuwe onttrekkers	2	R110 828	R55 414
Kumulatiewe totaal		R756 730	R34 397

Dit is beslis nie 'n goeie idee om geld voor aftrede uit die spaarpot te onttrek nie. 'n Berekening vir 'n predikant wat op topskaal vergoed word en 'n behuising-, vervoer en mediese toelaag ontvang, het getoon dat dié lid maklik 'n derde van die bedrag aan belasting kan afstaan. Indien die lid wag tot aftrede, kan 'n volle R550 000 belastingvry en kostevry onttrek word.

'n Lid wat geld uit die spaarpot wil onttrek, moet kennis neem van die volgende riglyne:

- 'n Onttrekking kan slegs een keer per belastingjaar gedoen word. 'n Lid kan dus wel een onttrekking in Februarie 2026 (die huidige belastingjaar) doen en dan feitlik dadelik weer in Maart 2026 (die volgende belastingjaar).
- Die minimum bedrag wat onttrek moet word is R2 000 (tweeëduisend rand).
- Daar is geen beperking op die maksimum bedrag nie. Die lid kan uiteraard nie meer onttrek as wat in die spaarpot is nie. 'n Lid kan wel alles wat in die spaarpot is, onttrek.
- Vanweë die belastingimplikasie en ander kontroleringsvereistes moet lede nie verwag dat dit 'n kitsonttrekking sal wees nie. Die SAID moet eers 'n belastingaanswysing aan Alexforbes uitreik.
- Alexforbes se fooi is 2% van die onttrekkingsbedrag met 'n minimum fooi van R100,00 en 'n maksimum fooi van R600,00. Enige onttrekking tussen R2 000 (die minimum) en R5 000 sal dus 'n R100,00 transaksiefooie bedra. 'n Onttrekkingsfooie van R600,00 geld vir onttrekkings van R30 000 of meer.
- Die bedrag wat uit die spaarpot onttrek word, word by die lid se belasbare inkomste vir die betrokke belastingjaar gevoeg en word dus teen die lid se toepaslike marginale koers belas.

Die Pensioenfondskantoor Skuif

Die NG Kerk in SA het 'n diensvlakooreenkoms met die Fonds. Een van die verantwoordelikhede is die bedryf van die pensioenfondskantoor. Die NG Kerk in SA het vroeër vanjaar die NG Kerkentrum in Bellville verkoop. 'n Deel van die kantoor skuif na die Kweekskool in Stellenbosch. 'n Ander deel (ook die pensioenfondskantoor) skuif na die NG Gemeente Brackenfell se ou pastorie in Kerkstraat 1, Brackenfell. Die ingang is vanaf Pastoriestraat.



← Die Hoofbeampte se Jimny met 781 “ou dominees” 😊.

Die pensioenfondskantoor het van die skuif gebruik gemaak om al die lêers met korrespondensie tussen die Fonds en die lede (die “ou dominees”) na die Kerkargief in Stellenbosch te stuur. Die lêers is in houers geplaas, netjies benoem en in die Kerkargief opgeneem. ➔

[Hierdie versameling is 'n geslote versameling. Dit is uitsluitlik beskikbaar vir fondsbeamptes wat navrae moet beantwoord. Die Fonds se geouditeerde finansiële state en waarderings, reëls en reglemente, ensovoorts, is wel beskikbaar vir enige navorser.]

